

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Oor amandelbome, aanpasbaarheid en volharding. God se verskuilde teenwoordigheid.

Skriflesing: Jeremia 29:1-7 en Lukas 17:20-24

Broodjies vir die pad

"I said to the almond tree, 'Sister, speak to me of God.' And the almond tree blossomed."
— Nikos Kazantzakis, Report to Greco

"Look, one day I had gone to a little village. An old grandfather of ninety was busy planting an almond tree. 'What, grandfather!' I exclaimed. 'Planting an almond tree?' And he, bent as he was, turned around and said: 'My son, I carry on as if I should never die.' I replied: 'And I carry on as if I was going to die any minute.' Which of us was right, boss?"
— Nikos Kazantzakis, Zorba the Greek

The classic novel, international sensation, and inspiration for the film starring Anthony Quinn explores the struggle between the aesthetic and the rational, the inner life and the life of the mind. The classic novel Zorba the Greek is the story of two men, their incredible friendship, and the importance of living life to the fullest. Zorba, a Greek working man, is a larger-than-life character, energetic and unpredictable. He accompanies the unnamed narrator to Crete to work in the narrator's lignite mine, and the pair develops a singular relationship. The two men couldn't be further apart: The narrator is cerebral, modest, and reserved; Zorba is unfettered, spirited, and beyond the lines of civility. Over the course of their journey, he becomes the narrator's greatest friend and inspiration and helps him to appreciate the joy of living. Zorba has been acclaimed as one of the most remarkable figures in literature; he is a character in the great tradition of Sinbad the Sailor, Falstaff, and Sancho Panza. He responds to all that life offers him with passion, whether he's supervising laborers at a mine, confronting mad monks in a mountain monastery, embellishing the tales of his past adventures, or making love. Zorba the Greek explores the beauty and pain of existence, inviting readers to reevaluate the most important aspects of their lives and live to the fullest.

"Those who cannot change their minds cannot change anything."
— George Bernard Shaw

"Even if I knew that tomorrow the world would go to pieces, I would still plant my apple tree."
— Martin Luther

"Grant me, O Lord my God, a mind to know you, a heart to seek you, wisdom to find you, conduct pleasing to you, faithful perseverance in waiting for you, and a hope of finally embracing you. Amen."
— Thomas Aquinas

"To be faithful, to be creative, we need to be able to change. To change! And why must I change? So that I can adapt to the situations in which I must proclaim the Gospel. To stay close to God, we need to know how to set out; we must not be afraid to set out."
— Pope Francis, The Church of Mercy

"Remember to look up at the stars and not down at your feet. Try to make sense of what you see and wonder about what makes the universe exist. Be curious. And however difficult life may seem, there is always something you can do and succeed at. It matters that you don't just give up."
— Stephen Hawking

"You may encounter many defeats, but you must not be defeated. In fact, it may be necessary to encounter the defeats, so you can know who you are, what you can rise from, how you can still come out of it."
— Maya Angelou

Te velde

"Hoe het hy dit ervaar?" vra ek die prof aan 'n tafel met twee bottels rooiwyn.
"Hoe het hy op die plaas gedink dié jaar?"

Ek vertel van die huis tussen bloekoms lank terug waar oupa John Bull gereed was om sy perd op te saal en te gaan veg teen die Britse aantog van die see af, gewillig om sy Mauser op te neem en vir die Vrijstaat se vryheid te sterf.

Ek sien die bloedjong man op die foto's in die kamp naby Pietermaritzburg nadat hy die eed van trou sou teken.

Die prof huiwer asof hy nog nadink, my kans gee om aan meer vrae te dink en sê dan: "Onthou, dit was 'n ander tyd."

Johann Lodewyk Marais

"Should you shield the canyons from the windstorms you would never see the true beauty of their carvings."
— Elisabeth Kübler-Ross

"I feel such a creative force in me: I am convinced that there will be a time when, let us say, I will make something good every day, on a regular basis....I am doing my very best to make every effort because I am longing so much to make beautiful things. But beautiful things mean painstaking work, disappointment, and perseverance."
— Vincent Van Gogh

“Adapt yourself to the life you have been given; and truly love the people with whom destiny has surrounded you”
— Marcus Aurelius

Dínk (en vra) voor jy kwets met woorde

Jana Luther

Gebreklik (mismaak, misvormd, wanskape) . . . ’n gebrekklike persoon . . . kreupel, kruppel . . . invalide . . . dom . . . mal . . . vertraag.

Dié en ander soortgelyke woorde was ’n klompie dekades gelede nog algemeen in gebruik. Baie van hulle staan steeds, ongemerk, in ou uitgawes van ons verklarende en vertalende woordeboeke, as spieël van daardie verlede. En al word hulle vandag, tereg, as aanstootlik beskou, hoor ’n mens selfs nog van hulle, van tyd tot tyd, soos ek dié week. Soms tesame met vae en minder vae skimpe en suggesties dat die status en behandeling van mense met gestremdhede eintlik maar net nóg ’n (afkeurenswaardige) aspek van “politieke korrektheid” is.

Soos die leser agter die skuilnaam “nepovis zorgi”, wat onderaan ’n vorige rubriek van my hier, oor openlike en verskuilde vooroordele, skryf: “Mense kan name verander soos hulle wil. Dit verander nie feite nie. Verander eerder onderliggende redes. Sensitiwiteit is dalk juis een.”

Oor ou woordeboekinskrywings en sulke zorgi’s maak ek my dié week dus sorge. Party woordeboeke word nog hersien; kan “gebrekklik”, “kreupel” en “kruppel” in ou definisies na “gestrem” verander; “invalide” na “wat aan ’n chroniese siekte ly”; “verstandelik vertraag” na “wat met leeruitdagings te kampe het”; “spasties” na “serebraal gestrem”; “mal” na “sukkelend met geestesgesondheid” . . .

Maar watter self is daar te smeer aan beskouings wat só diep gewortel is dat dit verhinder dat hedendaagse taalgebruikers, self, van hierdie woorde as kwetsend aanvoel; gesindhede wat mense seermaakwoorde laat bly gebruik, wel wetende of onwetend?

Wat sien ons wanneer ons na mekaar kyk – na liggaam en gees eenders, maar verskillend, direk of indirek deur verskillende toestande geraak? Party, soos downsindroom en serebrale verlamming, by geboorte reeds duidelik. Ander eers later, soos by dié van ons op die outistiese spektrum. Kop- en rugmurgbeserings gebeur uit die bloute. Meervoudige sklerose is degeneratief, depressie episodies. Ons word oud, kry beroerte, demensie. Sommige aandoenings, soos epilepsie, is onsigbaar.

Verskynsels so divers dat eeue en eeue verloop het voordat die mensdom eindelijk aan “persone met gestremdhede” saam, as ’n groep, begin dink het. Mense wat ondanks verskille, baie gemeen het. In Brittanje en Amerika is “handicap(ped)” eers van 1915 af gebruik, hoofsaaklik om na kinders te verwys.

Eers van die 1970’s af het “disability” – “gestremd(heid)” – die aanvaarde term geword. Behalwe dat die Britte van “gestremde mense” praat, terwyl Amerikaners en die res van die Engelse wêreld, ook ons, die mens voorop plaas en, andersom, na “mense met gestremdhede” verwys.

Hoekom dié verskil? Die Engelse se sosiale model plaas die kollig nie op die mens nie, maar op die samelewing. Baie mense wórd gestrem, is daar die uitgangspunt, nie weens hul liggaam nie, maar weens hindernisse – fisiek, kultureel, polities – omdat hulle nie in standaardboksies pas nie.

Ook taal is so ’n hindernis. Spottende, doelbewus beledigende taal, maar ook woorde wat ons, stééd, onbedagsaam, onnadenkend kies. Vra dan liever: Hoe wil jy hê, moet ek na jou verwys?

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/jana-luther-dink-en-vra-voor-jy-kwets-met-woorde-20220923>

Brood vir die pad

Kairos-tyd vra van mense beslissing en selfondersoek

RRV

Op die voorblad van die Nederlandse skrywer Joke Hermsen se boek *Kairos: Een nieuwe bevlogenheid* (2014) is daar ’n afbeelding van ’n fresko deur die 16de-eeuse Italiaanse skilder Francesco de’ Rossi. Dié werk, wat in die Palazzo Sacchetti in Rome te vinde is, heet *Kairos* en beeld ’n gebukkende figuur met gevleuelde skouers en voete uit wat ’n weegskaal vashou. Wat veral opval is hoe hy sy kop naby die weegskaal hou en met gefokusde oë daarna kyk. Duidelik wil hy fyn kyk om seker te maak dat daar reg geweeg word.

Kairos – in die Griekse mitologie die jongste seun van Zeus – word dan ook die god van die juiste oomblik genoem, en hy verteenwoordig, in Hermsen se woorde, die momente van skoonheid, insig en daadkrag wat die lewe besonders maak. Anders as Chronos – die ander Griekse god wat ons met kloktyd kan verbind – staan kleinseun Kairos as die god van geleenthede nie vir ewige herhaling en kontinuïteit nie, maar vir onderbreking, verandering en reenskap bied.

Die gedagte van kairos-tyd is dikwels verbind – ook die afgelope dekades in kerklike en teologiese kringe in Suid-Afrika – met die merk van ’n gewigte oomblik as ’n oomblik van waarheid en beslissing.

Veertig jaar gelede, byvoorbeeld, het die destydse Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die eerste week van Oktober 1982 op hul sinode in Belhar besluite geneem en gesprekke gevoer wat selfs gelei het tot die aanvaarding van ’n konsep-geloofsbelijdenis. Daar is geoordeel dat dit nodig is, omdat die hart van die evangelie op die spel is in die lig van die teologiese regverdiging van onversoendheid en onreg. In die belangrike begeleidende brief tot dié belydenis lees ons dan ook: “Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van ’n spesifieke situasie . . . Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NG Kerk-familie tans so ’n beslissing.”

In De’ Rossi se uitbeelding van Kairos herinner die feit dat daar stip gekyk word na die weegskaal ons dat daar inderdaad baie op die spel is in hoe ons – ook gegewe botsende menings – die tyd weeg.

Daarom die noodsaak van wat die begeleidende brief “’n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek” en “die bereidheid tot bekering” noem. Veral ook as ons in ag neem dat ons nie net die tyd weeg nie, maar dat ons optrede, spreke en swye ook deur die tyd geweeg word.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-kairos-tyd-vra-van-mense-beslissing-en-selfondersoek-20221001>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877